Precept™

Voorskrif op Voorskrif

OAV

# Sagaría

**Dan sal hulle vir My 'n volk wees en Ek sal vir hulle 'n God wees**

Verkry 'n innige kennis van God. Verander jou lewe.

Goeiedag!

Ons is so bly dat jy besluit het om God se Woord te bestudeer. Daar lê 'n opwindende tyd vir jou voor om te leer oor God, sy karakter, sy weë en die verhouding wat ons met Hom het. Ons is seker dat God se Woord vir jou die kennis en motivering sal bied om jou te help om reg te laat geskied aan jou roeping in Jesus Christus. Net so is ons ook seker dat jy persoonlik uitgedaag, aangemoedig en verander sal word deur die krag van sy bonatuurlike Woord.

Ons wil graag met jou in verbinding bly sodat ons jou kan vertel van die wonderlike dinge wat God deur Precept doen. Sal jy met ons in verbinding bly? Ons wil hoor hoe God jou aangeraak het deur die induktiewe studie van sy Woord.

Besoek ons Precept Africa-tuisblad by www.precept.org.za of vind ons op sosiale media by www.facebook.com/precept.africa en www.instagram.com/precept.africa.

Ter afsluiting wil ons jou bedank vir jou toewyding ten opsigte van die getroue bestudering van God se Woord en *"beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny"* (2 Timótheüs 2:15, *1953-Afrikaanse Vertaling*). Ons deel 'n spesiale band met jou op grond van ons liefde vir God se Woord.

Ons sien uit daarna om van jou te hoor.

Die Precept-span

Voorskrif
op
Voorskrif®

# *Sagaría*

"Dan sal hulle
vir My 'n volk wees
en Ek sal vir hulle
'n God wees"

Originally published as:

"ZECHARIAH: THEY SHALL BE MY PEOPLE, AND I WILL BE THEIR GOD"
Translated into Afrikaans.

PRECEPT UPON PRECEPT

ZECHARIAH
THEY SHALL BE MY PEOPLE, AND I WILL BE THEIR GOD
authored by Kay Arthur.

© 2011 Precept Ministries International, Chattanooga, Tennessee U.S.A.
Used with permission.

VOORSKRIF OP VOORSKRIF

Sagaría
“Dan sal hulle vir My ’n volk wees en Ek sal vir hulle ’n God wees”

ALLE REGTE VOORBEHOU.
*Precept, Precept Ministries International, Precept Ministries International The Inductive Bible Study People,* die *Plumb Bob* ontwerp, *Precept Upon Precept, In & Out, Sweeter than Chocolate!, Cookies on the Lower Shelf, Precepts For Life, Precepts From God’s Word* en *Transform Student Ministries* is handelsmerke van Precept Ministries International.

Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel.
Gebruik met toestemming..

Bybel in Afrikaans 1933/1953-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1933, 1953

2020—1ste Uitgawe

PRECEPT SOUTH AFRICA
Tel. +27 (0) 21 531-1836
support@precept.org.za // www.precept.org.za

Gedruk in Suid-Afrika
Julie 2026

precept.africa

precept.africa

Precept™
SOUTH AFRICA

# INHOUD


| BLADSY | LES |
|---|---|
| 1 | LES EEN: Oorsig |
| 7 | LES TWEE: Sagaría 1-2 |
| 21 | LES DRIE: Sagaría 3-4 |
| 31 | LES VIER: Sagaría 5-6 |
| 43 | LES VYF: Sagaría 7-8 |
| 53 | LES SES: Sagaría 9-11 |
| 71 | LES SEWE: Sagaría 12-14 |

BYLAAG

| | |
|---|---|
| 87 | Sagaría-waarnemingswerkblaaie |
| 119 | Sagaría-oorsigwerkblad |
| 121 | Konings en profete in die tyd van Sagaría |
| 122 | Die visioene van Sagaría |
| 126 | Hoe om ’n hoofstukstudie te doen |
| 128 | Oor Precept |

## STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY; ARTHUR, DAVID; DE LACY, PETE
The New How to Study Your Bible
*Eugene, Oregon, Harvest House Publishers, 2010*

The New Inductive Study Bible
*Eugene, Oregon, Harvest House Publishers, 2000*

Hebreeuse Woordstudiehulpmiddels
*(Die volgende is 'n lys van nuttige Hebreeuse Woordstudiehulpmiddels:)*

HARRIS, R. LAIRD; ARCHER, GLEASON L. JR.; WALTKE, BRUCE K.
Theological Wordbook of the Old Testament
*Chicago, Illinois: Moody Press, 1980*

RICHARDS, LAWRENCE O.
Expository Dictionary of Bible Words
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House, 1985*

## AANBEVOLE KOMMENTARE

GAEBELEIN, FRANK E.
The Expositor's Bible Commentary, Volume 7, Daniel and the Minor Prophets
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan, 1992*

FEINBERG, CHARLES L.
The Minor Prophets
*Chicago, Illinois: Moody Press, 1952*

WALVOORD, JOHN F; ZUCK ROY B. AND DALLAS THEOLOGICAL SEMINARY
The Bible Knowledge Commentary: An Exposition of the Scriptures
*Wheaton, Illinois: Victor Books, 1983-c1985*

CARSON, D, A.
The New Bible Commentary
*Downer's Grove, Illinois: Inter-Varsity Press, 1994*

KEIL, C. F.; DELITZSCH, F.
Commentary on the Old Testament
*Peabody, Massachusetts: Hendrickson Publishers, Inc., 2002*

## AANBEVOLE SAGTEWARE

Logos Bybelsagteware

Kragtige soekenjins met tot 4 000 elektroniese Bybelstudiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelse woordeboeke ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding — ideaal vir woord- en onderwerpstudies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste. Beskikbaar by www.logos.com.

## Les Een
## Oorsig

**Hierdie les sluit in**

In die bylaag:
- Waarnemingswerkblaaie van Sagaría 1-14
- Sagaría-oorsigwerkblad
- Konings en profete in die tyd van Sagaría

*God sê: "Keer terug na My"—*
*Maar sal dit werklik dinge verander?*

**Na sy opstanding het Jesus saam met twee manne op die pad na Emmaüs gestap terwyl Hy die dinge aangaande Homself in die Skrif verduidelik het, beginnende by Moses en al die profete. Wonder jy hoeveel tyd Hy aan elkeen van die verskillende profete bestee het?**

**Jy staan op die punt om 'n ongelooflike boek te bestudeer wat, buiten Jesaja, meer profesieë oor die eerste en tweede koms van Jesus Christus bevat as enige ander Ou Testamentiese profesie.**

**Jy sal geestelik so verryk word! Versterk! Ingelig! Toegerus en voorbereid vir die dae wat vir ons voorlê — dae wat al nader en nader aan vervulling beweeg. Voorbereid om met begrip eerder as in vrees te leef. Voorbereid om met ander te deel wat aan die kom is vir Israel en Jerusalem en hoe dit elke nasie op aarde sal raak.**

**Maar weet dit, geliefde van God, jou studie van Sagaría sal nie sonder uitdagings wees nie. Kennis van die inhoud van Sagaría is van allergrootste belang gedurende hierdie laaste dae, maar dit sal getrouheid en deursettingsvermoë van jou eis. Wees voorbereid. God roep ons om dissipels te maak. Antwoord op die roepstem sodat jy Hom sal hoor sê: "Mooi so!" En weet ook dat ons vir jou bid.**

**Beloof God dat jy die volgende sewe weke aan Hom sal gee sodat Hy jou deur sy Gees die waarhede van hierdie boek sal leer sodat jy in groter detail sal weet van die dinge wat sekerlik sal gebeur.**

© 2020 Precept South Africa

## DAG EEN

1. Vandeesweek sal ons ’n oorsig van Sagaría kry om die agtergrond daar te stel vir die gedetailleerde studie van elke hoofstuk. Dink daaraan as die uitsig op die grond vanuit ’n vliegtuig — jy sien nie baie detail nie, maar jy sien wel die vernaamste terreine soos stede, mere, riviere en berge. Dit skep die konteks van wat jy later sal sien nadat jy geland het. In ’n profetiese boek van die Bybel bestaan die oorsig daaruit dat jy die hele boek sal moet lees om die geheelbeeld en die breë trekke van die boodskap vas te stel terwyl jy die detail laat oorstaan vir latere lesse. Die hoofstudiehulpmiddel sal die voltooiing van die tabel Sagaría-oorsigwerkblad in die bylaag wees.

2. Aangesien Sagaría veertien hoofstukke bevat, sal ons die werk aan die oorsig oor vyf dae verdeel sodat dit jou nie oorweldig nie. Jy kan die Sagaría-oorsigwerkblad gaandeweg invul. Aan die einde daarvan sal jy kan terugkyk op al die hoofstukke om te sien hoe hulle by mekaar aansluit en watter gemeenskaplike onderwerpe of ander kenmerke daar is.

3. Dit is altyd goed om met die allerhoogste Outeur van God se Woord te praat voordat ons enigeen van die ses-en-sestig boeke wat deur Hom geskryf is bestudeer — boeke wat Hy in sy soewereiniteit bewaar het sodat mense Hom mag ken — en sy wysheid en begrip sal soek wanneer ons begin met die dag se studie wat ons met die studente deel. Kweek dus die gewoonte aan om elke dag jou studie met gebed te begin.

    a. In historiese en profetiese boeke dui verwysings na tyd op 'n opeenvolging van gebeurtenisse. Let op wanneer die boek begin. Raadpleeg die tabel Konings en profete in die tyd van Sagaría wat in die bylaag te vinde is en skryf neer watter jaar dit is. Vind die Darius wat in die tyd van Sagaría koning was, bring Sagaría 1:1 in verband met die tabel en skryf dan die periode (datum) waartydens die boek geskryf is, langs Sagaría 1:1 en op die Sagaría-oorsigwerkblad.

    b. Terwyl jy studeer, is die merk van verwysings na tyd nuttig. Sommige van ons gebruik ’n groen sirkel en ’n groen kartellyn sodat die hele tydfrase duidelik uitstaan in die teks. Dit is iets wat jy dwarsdeur al veertien hoofstukke moet doen.

    c. Soms kry ons te doen met 'n aanduider van tyd wat so ’n bietjie anders is, soos *op daardie dag*. Ons stel voor dat jy ’n spesiale simbool daarvoor gebruik, nie die groen sirkel en kartellyn nie. Jy sal in latere hoofstukke sien hoe belangrik dit is.

4. Die merk van die teks sal jou help om stadiger en meer doelgerig te lees. Dit laat jou fokus op die ooglopende dinge wat die basis vorm van latere


© 2020 Precept South Africa

gedetailleerde studie. Lees nou deur hoofstuk 1-3. Merk elke verwysing na tyd, sowel as verwysings na dinge wat Sagaría gesien het, byvoorbeeld: "Ek het in die nag … gesien" (1:8), "En ek het my oë opgeslaan en gekyk" of "Daarop toon die Here my …" Merk dit op 'n spesiale manier sodat dit uit die bladsy sal "uitspring". Elkeen van hierdie inleidings verteenwoordig 'n visioen. Elke visioen het 'n sentrale "karakter" waaroor die visioen handel. Jy kan dit gerus in die kantlyn van die Waarnemingswerkblad en/of in jou Bybel skryf.

5. Jy sal ook 'n frase raaksien wat dwarsdeur die boek herhaal word: "die woord van die Here het gekom tot …" — soms sê dit "Sagaría" en ander kere sê die teks "my". Onderstreep of kleur ("highlight") hierdie frase in.

6. As jy herhalende gebeure, onderwerpe of gedagtes raaksien, lys hulle op die bladsy wat aan die einde van hierdie les voorsien word. Sluit hoofstuk- en versnommers in.

7. Som nou die inhoud van elkeen van hierdie hoofstukke op in 'n paar woorde — 'n kort beskrywing van waaroor elke hoofstuk handel. Skryf dit dan bo-aan die Waarnemingswerkblad en op die Sagaría-oorsigwerkblad. Jy kan dit in potlood doen sodat jy dit later kan aanpas wanneer jy hierdie hoofstukke meer diepgaande bestudeer het.

*Indien jy 'n nuweling is, welkom. Ons is baie bly om jou saam met ons te hê — jy is 'n antwoord op gebed. Ons vra God vir "dissipels" wat ernstig is oor hul verhouding met Jesus Christus. Hierdie gaan 'n lewensveranderende ervaring wees.*

## DAG TWEE

1. Vandag sal ons verder gaan met die samestelling van die oorsig, naamlik dié van hoofstuk 4-6. Die instruksies is dieselfde as gister — merk, terwyl jy lees, verwysings na tyd en uitdrukkings wat aandui dat Sagaría 'n visioen gehad het — hy het gekyk en iets gesien. Moenie vergeet om die sentrale "karakter" in elke visioen in die kantlyn van die Waarnemingswerkblad en/of jou Bybel neer te skryf nie.

2. Skryf die hoofgedagte van die "woord van die Here" wat tot Sagaría gekom het neer. Begin by Sagaría 6:9. Dit is nie 'n *visioen* nie, maar wel 'n belangrike gedeelte van hierdie hoofstuk.

© 2020 Precept South Africa

3. Som nou, net soos gister, die inhoud van elke hoofstuk op, naamlik van die visioene of die "woord" wat tot Sagaría gekom het. Skryf die opsommings op die Sagaría-oorsigwerkblad. Voeg ook die lys van herhalende gebeure, onderwerpe en gedagtes by.

## DAG DRIE

1. Lees Sagaría 7:1 en merk die verwysing na tyd. Vergelyk dit met Sagaría 1:1 en 1:7. Hoeveel tyd het verloop?

2. Lees nou Sagaría 7-8 en merk die sleutelfrases soos ons vantevore gedoen het. Merk terwyl jy lees. Neem kennis van alle verskille wat jy in hierdie hoofstukke raaksien in vergelyking met die vorige ses hoofstukke. Moenie die verwysing na *in daardie dae*, 'n sinoniem vir *in daardie dag* miskyk nie.

3. Som elke hoofstuk op soos jy vantevore gedoen het en voeg hierdie inligting by dié op die Sagaría-oorsigwerkblad. Gebruik die hoofonderwerpe van die boodskappe as jou sleutel tot die opsomming. Moenie vergeet om die herhalende gebeure, onderwerpe en gedagtes uit die teks te lys nie.

## DAG VIER

1. Lees Sagaría 9-11 en merk die sleutelfrases soos vantevore. Sluit *in dié dag* in.

2. Som elke hoofstuk op soos jy vantevore gedoen het en voeg dié inligting by op die Sagaría-oorsigwerkblad. Gebruik die hoofonderwerpe van die boodskappe as jou sleutel tot die opsomming. Het jy enige bykomende herhaling van gebeure, onderwerpe en gedagtes raakgesien? Voeg hulle by die lys.

## DAG VYF

1. Lees Sagaría 12-14 terwyl jy die sleutelwoorde en -frases soos gewoonlik merk.

2. Let op die verskil aan die begin van hoofstuk 12.

3. Som elke hoofstuk op soos jy vantevore gedoen het en voeg die inligting by op die Sagaría-oorsigwerkblad. Gebruik die hoofonderwerpe van die boodskappe as jou sleutel tot die opsommings. Voeg dit by jou lys van herhalende gebeure, onderwerpe of gedagtes.

4. Kyk nou na die Sagaría-oorsigwerkblad om te sien of daar gemeenskaplike onderwerpe is wat oor verskeie hoofstukke strek. Dit staan bekend as segmente.


© 2020 Precept South Africa

Segmente kan geïdentifiseer of verdeel word volgens gemeenskaplike onderwerp, persoon, tyd of ander dinge. Wat sien jy? Wenk: Kyk waar die visioene voorkom. Skryf die segmente wat jy kan identifiseer in een van die kolomme onder die opskrif "Segmentverdelings". Trek horisontale lyne om aan te dui waar die een segment eindig en die volgende een begin. As jy meer as een manier sien waarop die boek gesegmenteer kan word, gebruik die addisionele kolom.

*Jy sal dit so waardeer dat jy 'n oorsig van Sagaría gedoen het! Dit is so 'n ongelooflike boek en jy het nou 'n geheelbeeld daarvan. Wanneer jy dit dus in groter detail bestudeer, sal jy in staat wees om te sien wat God doen en hoe alles inmekaar geweef is tot 'n asemrowende tapisserie van waarhede. Waarhede … details wat jy in geen ander Ou Testamentiese boek sal vind nie.*

## Herhalende gebeure en onderwerpe in Sagaría

© 2020 Precept South Africa

## Herhalende gebeure en onderwerpe in Sagaría


© 2020 Precept South Africa

*Precept South Africa*
*Tel. +27 (0) 21 531-1836*
*support@precept.org.za*



# Les Twee
# Hoofstuk Een en Twee

**HIERDIE LES SLUIT IN**

In die bylaag:
- Waarnemingswerkblaaie van Sagaría 1-2
- Sagaría-oorsigwerkblad
- Konings en profete in die tyd van Sagaría
- Die visioene van Sagaría

Kruisverwysings

*Toe het ek my oë opgeslaan en gekyk …*
*En wat ek gesien het was 'n toekoms … en 'n hoop*

**Wat 'n week wag op ons, getroue student! Ons studie van die dinge wat Sagaría gesien het, behoort hoop in jou siel te laat ontwaak, selfs in hierdie donker en moeilike dae wanneer ons beker van ongeregtigheid oorloop en rebellie toeneem onder mense wat die vrees van die Here verloor het.**

## DAG EEN

1. Begin, nadat jy gebid het, deur eenvoudig Sagaría 1:1-7 te lees en verwysings na *Sagaría*, insluitende voornaamwoorde en sinonieme, te merk. Kies 'n opvallende kleur om hulle te merk.

2. In jou waarnemings van Sagaría 1:1-7 het jy gesien dat daar twee verskillende tydvakke in die eerste hoofstuk is: 1:1 en 1:7. Laat ons dus begin deur te fokus op wat in die agste maand van die tweede jaar van Darius gebeur het. Lees vers 1-6 en kleur ("highlight") elke verwysing na die Here in.

3. Sodra jy 'n sleutelpersoon of -woord gemerk het, moet jy 'n lys maak van wat jy leer. Jy sal wil weet watter insigte die teks aan jou bied deur die 5 W- en H-vrae te vra: *wie, wat, waar, wanneer, waarom* en *hoe*. Wat neem jy waar omtrent die Here deur daardie verwysings te merk? Lys jou insigte.

© 2020 Precept South Africa

4. Beantwoord nou die volgende:

   a. Wat is die boodskap van 1:1-6?

   b. Wie word ter illustrasie gebruik? Wat was God se gevoel oor hulle en waarom?

   c. Wat het God se Woord volgens 1:6 aan diegene gedoen soos wie die volk nie moes wees nie? Wat dink jy beteken dit?

   d. Wat leer jy hieruit oor God se Woord? (Amos 3:7 en Jeremia 1:12 is goeie verse om te ken.)

*Hoe vaar jy? Is dit nie opwindend om te sien wat jy leer deur eenvoudig self die teks waar te neem nie? Deur stadiger te werk, die teks te merk en te probeer verstaan waaroor die teks gaan …*


© 2020 Precept South Africa

5. Lees hardop deur Sagaría 1:7-2:1 en skryf neer wat jy opmerk wanneer jy by die volgende frases kom (wat jy in Les 1 gemerk het) : "ek het in die nag … gesien" (1:8) en "Ek het my oë opgeslaan/opgehef en gekyk" (1:18; 2:1).

6. Wat is jou gevolgtrekking nadat jy hierdie frases waargeneem het?

7. Ons gaan nou voort om Sagaría 1 waar te neem. Lees deur die hoofstuk as geheel en merk die volgende sleutelwoorde, elk op 'n onderskeidende manier of in 'n spesifieke kleur. Merk die sinonieme en voornaamwoorde vir hierdie woorde op dieselfde manier waarop jy die woord gemerk het.

   Dit is 'n goeie idee om 'n sleutelwoordbladwyser te maak, die woorde daarop te skryf en hulle te merk soos jy beplan om hulle dwarsdeur Sagaría (en selfs in jou Bybel) te merk. Jy kan die geperforeerde kaartjie op die agter-omslag van jou Precept-boek gebruik. Aan die een kant is daar spasie waarop jy die woorde wat jy dwarsdeur Sagaría wil merk, kan lys. Op die keersy is daar voorgestelde simbole vir woorde wat dikwels in die Bybel voorkom.

   *The New Inductive Study Bible* (NASB[1]), wat instruksies bevat vir die bestudering van elke boek van die Bybel, voorsien ook voorgestelde simbole.

   *Hoewel ons in die Afrikaanse studie van die Bybel die 1933- of 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel gebruik, mis jy baie as jy nie toegang tot die* NISB *het nie. Dit is die ideale Studiebybel en wanneer jy dit klaar gebruik het, laat jy 'n wonderlike erfenis aan jou geliefdes na. Skakel www.precept.org.za om uit te vind hoe om* The Inductive Study Bible *te bestel.*

   a. *bekeer.* (Hierdie woord word in Hebreeus vertaal as *shub*, die twaalfde mees gebruikte woord in die Ou Testament.)[2]Die uitdrukking *tot inkeer (ge)kom* in 1:6 is 'n vertaling van dieselfde Hebreeuse woord, daarom moet jy dit merk soos *bekeer*.

   b. *vertoornd*

   c. *nasies*. Wanneer jy die Bybel bestudeer, is dit altyd goed om *nasies* op 'n onderskeidende manier te merk, selfs al word dit nie besonder baie in 'n betrokke boek gebruik nie. Sommige van ons kleur *nasies* groen in en onderstreep dit in bruin.

   d. *huis (tempel)* wanneer dit na die huis van die Here verwys. Dit is ook 'n woord wat jy altyd moet merk op grond van die betekenisvolheid daarvan. Die bou van die tempel is deur die Here beveel as die plek waar Hy aanbid moes word.

---

1. Precept Ministries International, *The New Inductive Study Bible* (Eugene, Oregon: Harvest House Publishers (2000).
2. R. Laird Harris, Glason C. Archer, Jnr., Bruce K. Waltke: *Theological Wordbook of the Old Testament* (Chicago: Moody Publishers, 1980), p. 909.

© 2020 Precept South Africa

e. *Jerusalem*

f. *Juda*

## DAG TWEE

1. Wanneer jy enige boek van die Bybel bestudeer, moet jy dit binne die historiese konteks daarvan waarneem — die tydvak en die agtergrond van die boek. Raadpleeg die tabel Konings en profete in die tyd van Sagaría om te sien waar Sagaría chronologies inpas — die tydsberekening van God se boodskap deur hom en die belangrikste karakters van daardie dae.

    a. Ter wille van hersiening: gedurende watter jaar vind Sagaría 1:1 plaas?

    b. Gedurende watter tydperk vind Sagaría se bediening plaas?

2. Raadpleeg die tydtabel. Wie is die ander profeet in hierdie tyd en gedurende watter jare het hy geprofeteer?

    a. Lees die volgende verse uit Haggai en let op die tydvak van elkeen. Dít sal vir jou waardevol wees wanneer jy jou studie van Sagaría voortsit.

        1) 1:1

        2) 1:14-15

        3) 2:1

        4) 2:10

        5) 2:20

    b. Trek nou 'n lyn om aan te toon waar Sagaría 1:1-6 inpas by die tydvakke van Haggai wat jy hierbo uitgeskryf het. Voeg dan 'n ander lyn by om aan te dui waar Sagaría 1:7 by Haggai aansluit.

3. Soos jy reeds waargeneem het, is een van die eerste dinge wat jy omtrent die Here leer dat Hy vertoornd (baie kwaad) was vir hulle vaders op grond van hul bose weë en dade. Hy het met hulle gespreek deur die profete, maar hulle het nie geluister nie. Wat het God toe gedoen?


© 2020 Precept South Africa

a. 2 Kronieke 36:11-21 som dit goed op. Lees dit noukeurig en skryf neer wat die Here gedoen het. Wat het gebeur met die mense, die huis van die Here (die tempel wat deur Salomo gebou is), die muur van Jerusalem en die geboue in die stad?

b. Lees nou 2 Kronieke 36:22-23. Wat het Kores gedoen nadat die 70 jaar van ballingskap vervul is? Waarom het hy dit gedoen?

c. Raadpleeg weer die tabel Konings en profete in die tyd van Sagaría en identifiseer die naam van Kores. Vind die vier notasies oor die tempel net daaronder en skryf die datums by waarop

1) die bouery van die tempel begin het.

2) die bouwerk aan die tempel gestaak is.

3) die bouwerk aan die tempel hervat is en hoe dit vergelyk met die tydsbepaling van Sagaría.

4) die tempel voltooi is.

© 2020 Precept South Africa

d. Kom ons kyk vlugtig na sommige Skrifgedeeltes in Esra wat ons meer vertel oor die tempel (waarna ook verwys word as *die huis*), en die mense wat by die herbou betrokke was. Sommige van hierdie mense sal ook in Sagaría genoem word.

1) Esra 3:8-10. Maak seker dat jy die name van die manne wat in vers 8 genoem word, aanteken.

*Jēshua sal deur die profete Haggai en Sagaría Josua genoem word.*

2) Esra 4:24; 5:1-2

3) Esra 6:15-16

*Is dit nie opwindend om die teks binne die historiese agtergrond daarvan te plaas nie? Ons het hier te doen met werklike tye, werklike mense en werklike omstandighede — net soos vandag.*

4. Ons voltooi ons studie vandag deur Haggai 1:1-15 te lees. Dit sal jou insig gee in God se roeping, en belofte in Sagaría 1:3.

a. Wat was die verskoning van die mense vir hul versuim om die huis van die Here te bou?

b. Wie se huis was hulle aan die bou?


© 2020 Precept South Africa

c. Hoe was "die lewe" — maklik of moeilik? Wat was aan die gebeur en waarom?

d. Volgens Haggai 1:12-15:

1) Hoe het die mense op Haggai se boodskap gereageer?

2) Hoe het God daarop gereageer?

3) Wanneer het hulle teruggekeer na die werk aan God se huis?

e. Wanneer is Sagaría 1:1-6 geskryf in verhouding tot Haggai 1? Raadpleeg 2a waar jy Sagaría met Haggai vergelyk het.

f. Wat is die verband tussen Haggai 1 en Sagaría 1:3? Wat leer jy hieruit omtrent die mense, selfs al het hulle begin om die tempel te herbou?

© 2020 Precept South Africa

5. Nou is dit tyd vir toepassing. Hoe belangrik is gehoorsaamheid aan die Here? En wie behoort jou prioriteit te wees? Hoe vaar jy op hierdie oomblik? Is daar enigiets wat jy moet doen — moet verander? Wat is jou plan van optrede?

## DAG DRIE

1. Vandag bestudeer ons die eerste visioen wat Sagaría op die vier-en-twintigste dag van die elfde maand in die tweede jaar van Darius gehad het. Wat het die Here aan Sagaría gewys en waarom?

   Aangesien jy die details van die visioen wil leer ken en wil weet wie is wie, stel ons voor jy maak 'n skets van die visioen of 'n tabel waarop jy alles lys wat jy leer. As jy so te werk gaan met elkeen van Sagaría se visioene, sal dit jou help om te fokus op presies waaroor elkeen handel.

   Hoe sal dit lyk? Daar is geen regte of verkeerde manier nie. Doen wat ook al nodig is om jou die "prentjie" te help verstaan. Die eerste visioen kan 'n bietjie moeilik wees omdat jy moet byhou met die engele, perde en die Here. Dus, as niks anders werk nie, probeer 'n tekening!

   Vir toekomstige naslaanwerk noem ons hulle Die visioene van Sagaría. Ons het vir hierdie doel bladsye in die bylaag ingesluit. Sodra jy begin, sal die hele prentjie bymekaarkom. Vasbyt!

2. Een toets om vas te stel of jy iets verstaan, is om dit te verbaliseer (hardop te sê). Hou in gedagte wat jy alles oor Sagaría 1:7-17 waargeneem en gedoen het, en stel vas wat die hoofpunte van hierdie visioen en die verklaring daarvan is. Lys hulle in die ruimte hieronder.


© 2020 Precept South Africa

3. Doen nou die tweede visioen, Sagaría 1:18-21. Sodra jy dit op Die visoene van Sagaría-tabel geskryf het, lys die hoofpunte van die visioen hieronder.

4. As jy die inhoud — waaroor dit handel — van die eerste hoofstuk van Sagaría so kortliks as moontlik moes opsom, wat sou jy skryf? Skryf dit neer en blaai dan na die bylaag en kyk wat jy op die Sagaría-oorsigwerkblad onder die tema van hoofstuk 1 geskryf het. Pas jou tema aan indien nodig.

5. Het jy al ooit gedink wat dit vir jou persoonlik sou beteken om te weet dat God hulle gestuur het wat die aarde deurkruis? Sou dit 'n invloed hê op die manier waarop jy leef? Aan jou vertroue gee in moeilike situasies? Die besluite wat jy binne jou invloedsfeer maak beïnvloed? Beantwoord die waarom- en hoe-vrae om dit op jou lewe vandag toe te pas. Deurdink dit.

## DAG VIER

1. Sagaría 2 beskryf 'n fabelagtige visioen wat ons voortstu na die hoogtepunt van God se boodskap deur Sagaría. Jy sal opgewonde wees oor hoe alles bymekaarkom — en jy sal dit sien *mits* jy elke hoofstuk noukeurig waarneem. Versigtige, deeglike waarneming gevolg deur ernstige oordenking van die teks lei tot akkurate interpretasie. Dink! Rol hierdie dinge om en om in jou gedagtes. Praat met God daaroor.

© 2020 Precept South Africa

*(Terloops, wag net totdat jy Sagaría 12-14 bestudeer. Wat 'n manier om 'n studie af te sluit! Jy sal so opgewonde voel op grond van wat jy leer omdat dit 'n klomp vrae oor die wederkoms van die Here sal beantwoord — in die fynste besonderhede!)*

a. Neem die teks waar en merk die woorde op jou sleutelwoordbladwyser.

b. Let op na ander herhalende woorde en/of frases in hierdie hoofstuk.

2. Die woord *Sion* is tot dusver vier keer gebruik. Bestudeer die plekke waar die woord voorkom en lys wat jy uit Sagaría omtrent Sion leer. Stel die 5 W- en H-vrae. Oor wie is God besorg? Wie is aan Jerusalem verbonde? Wat moet hulle doen? Wat sal God doen?

3. Lees Sagaría 2:8-11 en onderstreep of merk elke *my … gestuur*, ongeag of "my" met hoofletters geskryf is of nie. Na wie dink jy verwys die "my" in elkeen van hierdie verse en waarom?

4. Skryf die visioen van hierdie hoofstuk op die bladsy Die visioene van Sagaría.

5. Noudat jy Sagaría 2 in diepte bestudeer het, kyk weer na jou tema vir die hoofstuk op die Sagaría-oorsigwerkblad in die bylaag en pas dit aan indien nodig.


© 2020 Precept South Africa

6. Ten slotte, waarom beskryf ons hierdie hoofstuk as "fabelagtig"?

   a. Wat beteken dit vir 'n Jood?

   b. Hoe verseker dit jou as heiden (nie-Jood) — hoe gee dit jou hoop?

   c. Hoe raak dit jou beskouing van Israel, Jerusalem en die Joodse volk?

   d. Dink na oor wat jy in hierdie hoofstuk geleer het. Hoe kan jy jou kennis gebruik as hulpmiddel om die evangelie van Jesus Christus met 'n Jood of 'n nie-Jood te deel? Onthou, dít is 'n antwoord op Jesus se opdrag om dissipels te maak van alle nasies.

## DAG VYF

Wanneer jy vandag se les begin moet jy God vra om jou te help om werklik die leringe van Sagaría 1 en 2 te snap en hulle in jou hart en verstand duidelik te maak.

1. Lees weer Sagaría 1 en 2 in jou Bybel. Dit sal gaaf wees as jy jou waarnemings van jou Waarnemingswerkblad na jou Bybel kan oordra. Sommige van ons doen ons waarnemings daar in plaas van op die werkblaaie.

© 2020 Precept South Africa

2. Bestudeer nou die tabel of sketse wat jy van die eerste drie visioene van Sagaría gemaak het.

    a. Hoe hou hierdie visioene verband met die historiese agtergrond van Sagaría?

    b. Hoe hou hierdie visioene verband met mekaar?

3. Probeer om hardop te oefen om die gebeure aan iemand anders te verduidelik. Laat die persoon toe om vrae te stel en jy sal sien hoe goed jý die inhoud van die visioene verstaan.

4. Bestee die res van die tyd om vas te stel wat die kommentare sê, maar moet asseblief nie verder as Sagaría 2 lees nie. Jy wil tog nie die vreugde van persoonlike ontdekking wat aan jou behoort wanneer jy die waarheid deur die vaardighede van observasie en interpretasie aanleer, steel of verminder nie.


© 2020 Precept South Africa

*Dankie, mede-student, dat jy God eer deur hierdie tyd te bestee sodat jy jou God kan ken en daarom kan vashou en vir Hom kan optree soos Daniël 11:32b sê. Waarom bid jy nie vir ander wat nodig het om God se Woord Voorskrif op Voorskrif te bestudeer sodat hulle in sy Woord gevestig kan raak en 'n lewe van aanbidding kan leef nie? Daar is so 'n behoefte aan die vrees van die Here — eerbied vir God — in ons wêreld vandag.*

*Dit is nog nie te laat om iemand te nooi om by die klas aan te sluit nie. Dit is 'n goeie idee om hulle te help om in te haal op die tuiswerk of op wat jy geleer het terwyl jy dit gedoen het. Dit is een van die maniere waarop jy dissipels kan maak. Seënwense …*

© 2020 Precept South Africa

d. Jy sou opgelet het dat die strydwaens in Sagaría 6 na die noorde en na die suide gegaan het. Raadpeeg die kaart hieronder om te sien watter gebiede oos— en wes — van die land Israel geleë is. (Dit is die rede waarom Nebukadnésar uit die noorde moes kom.)




3. Herlees Sagaría 6:9-15.

a. Wie sal die kroon ontvang volgens Sagaría 6:11? Wat is sy amp?

b. Wat sal aan hom gesê word?

c. Watter tipe/soort/klas mens sal die tempel bou en op die troon sit?

© 2020 Precept South Africa 

d. Waaroor handel hierdie Godsprake?

2. Bid en vra God, die skrywer, om jou te help verstaan wat Hy deur Sagaría geskryf het, sodat jy sy Woord reg kan sny (hanteer).

   a. Begin jou waarneming deur 9:1-8 te lees terwyl jy al die geografiese plekke merk.

   b. Raadpleeg die kaart hieronder voorkom. Die enigste plek wat jy nie sal vind nie, is Hadrag, omdat niemand die presiese ligging daarvan ken nie. Daar is egter 'n leidraad in die teks.





3. Lees vervolgens 9:1-8 weer deur.

   a. Merk verwysings na tyd, soos *dan* asook die woorde *weer sal* (in vers 8).

 © 2020 Precept South Africa

## Profetiese oorsig van Daniël








© 2020 Precept South Africa 

# DIE FEESTE VAN ISRAEL

$1^{ste}$ maand (Nisan)
Pasgafees *(Pesach)*




$3^{de}$ maand (Sivan)
Pinksterfees *(Shavuot)*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Slawe in Egipte  | Pasga   | Fees van ongesuurde brode  | Fees van die oes of eerstelinge  | | Pinkster of fees van weke  |
| | Slag lam, smeer bloed aan deurpos *Exodus 12:6, 7* | Suiwering van die suurdeeg *(simboliseer sonde)* | Beweegoffer van gerf *(belofte van die komende oes)* | | Beweegoffer van twee gesuurde brode |
| Wie sondig is 'n slaaf van sonde | $1^{ste}$ maand $14^{de}$ dag *Levítikus 23:5* | $1^{ste}$ maand, $15^{de}$ dag, 7 dae *Levítikus 23:6-8* | Dag na die sabbat *Levítikus 23:9-14* | | 50 dae na eerstelingvrugte *Levítikus 23:15-21* |
| | Christus, ons Paaslam, is geslag  | Suiwer die ou suurdeeg … soos julle inderdaad gesuiwer is | Christus is opgewek… die eerstelingvrug  | Gaan weg sodat die Trooster kan kom  *Olyfberg* | Belofte van die Gees, misterie van die kerk: Jood en heiden in een liggaam  |
| *Johannes 8:34* | *1 Korinthiërs 5:7* | *1 Korinthiërs 5:7-8* | *1 Kor. 15:20-23* | *Johannes 16:7* *Hand. 1:9-12* | *Handelinge 2:1-47* *1 Korinthiërs 12:13* *Efésiers 2:11-22* |

MAANDE:
Nisan — *Maart, April* ▪ Sivan — *Mei, Junie* ▪ Tisjri — *September, Oktober*

 © 2020 Precept South Africa

$7^{de}$ maand (Tisjri)
Huttefees *(Sukkot)*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Fees van die basuine  | Groot versoendag  | Huttefees of Fees van Tabernakels  | |
| | Basuine geblaas - heilige vergadering | Vesoening word gedoen om ons te reining *Levítikus 16:30* | Dank vir die oes ingebring. Herdenk die tabernakels in die wildernis | |
| **Pouse tussen feeste** | $7^{de}$ maand, $1^{ste}$ dag *Levítikus 23:23-25* | $7^{de}$ maand, $10^{de}$ dag *Levítikus 23:26-32* | $7^{de}$ maand, $15^{de}$ dag vir 7 dae $8^{ste}$ dag 'n Heilige Vergadering *Levítikus 23:33-44* | |
| | Israel weer byeengeroep ter voorbereiding van die laaste dag van die Groot Versoening *Jeremia 32:37-41*   Christus se wederkoms | Israel sal hulle bekeer en verwag die koms van die Messias in een dag *Sagaría 3:9, 10; Sagaría 12:10; Sagaría 13:1; Sagaría 14:9*  | Families van die aarde sal na Jerusalem kom om die Huttefees te vier. *Sagaría 14:16-19*  | Nuwe hemel en nuwe aarde<br><br>God se Tabernakel / woon by die mens *Openbaring 21:1-3* |
| | *Eségiël 36:24* | *Eségiël 36:25-27 Hebreërs 9, 10 Romeine 11:25-29* | *Eségiël 36:28* | |

*Israel het twee oeste per jaar gehad — lente en herfs*

© 2020 Precept South Africa

# Bylaag

# SAGARÍA 1

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ________________________________________________

IN die agtste maand, in die tweede jaar van Daríus, het die woord van die HERE
gekom tot Sagaría, die seun van Berégja, die seun van Iddo, die profeet, en gesê:
2 Die HERE was baie vertoornd op julle vaders.
3 So moet jy dan aan hulle sê: So spreek die HERE van die leërskare: Keer terug
na My, spreek die HERE van die leërskare, en Ek sal na julle terugkeer, sê die
HERE van die leërskare.
4 Moenie soos julle vaders wees nie, tot wie die vroeëre profete geroep en gesê het:
So sê die HERE van die leërskare: Bekeer julle tog van julle bose weë en julle bose
werke; maar hulle het nie gehoor en na My nie geluister nie, spreek die HERE.
5 Julle vaders — waar is hulle? En sal die profete vir ewig lewe?
6 Maar my woorde en my insettinge wat Ek my knegte, die profete, beveel het,
het dit julle vaders nie ingehaal nie, sodat hulle tot inkeer gekom en gesê het:
Soos die HERE van die leërskare Hom voorgeneem het om aan ons te doen
ooreenkomstig ons weë en ons werke, so het Hy met ons gedoen?
7 OP die vier-en-twintigste dag van die elfde maand, dit is die maand Sebat,
in die tweede jaar van Daríus, het die woord van die HERE tot die profeet
Sagaría, die seun van Berégja, die seun van Iddo, gekom en gesê:
8 Ek het in die nag 'n gesig gesien — daar was 'n man wat op 'n bruin perd ry, en
hy het gestaan tussen die mirtebome wat in die diepte was; en agter hom was
daar bruin, vos en wit perde.
9 Toe sê ek: Wat beteken dit, my heer? En die engel wat met my gespreek het,
antwoord my: Ek sal jou toon wat dit beteken.

© 2020 Precept South Africa

10 En die man wat tussen die mirtebome gestaan het, het aangehef en gesê: Dit is hulle wat die HERE gestuur het om die aarde te deurkruis.

11 Daarop het hulle die Engel van die HERE, wat tussen die mirtebome gestaan het, toegespreek en gesê: Ons het die aarde deurkruis, en kyk, die ganse aarde is stil en rustig.

**12** Daarop het die Engel van die HERE aangehef en gesê: HERE van die leërskare, hoe lank nog bly U sonder ontferming oor Jerusalem en oor die stede van Juda waarop U alreeds sewentig jaar vertoornd was?

13 Toe antwoord die HERE die engel wat met my gespreek het, goeie woorde, troosvolle woorde.

14 Daarop sê die engel wat met my gespreek het: Roep en sê: So spreek die HERE van die leërskare: Ek ywer oor Jerusalem en oor Sion met 'n groot ywer;

15 maar Ek is grootliks vertoornd oor die sorglose nasies wat, terwyl Ek 'n weinig vertoornd was, die onheil aangehelp het.

16 Daarom, so sê die HERE: Ek wend My met ontferming tot Jerusalem; my huis sal daarin gebou word, spreek die HERE van die leërskare, en 'n meetsnoer oor Jerusalem gespan word.

17 Roep verder en sê: So spreek die HERE van die leërskare: My stede sal weer oorstroom wees van goeie dinge, en die HERE sal Sion weer vertroos, en Hy sal Jerusalem weer verkies.

**18** EN ek het my oë opgeslaan en gekyk — daar was vier horings.

19 Toe sê ek aan die engel wat met my gespreek het: Wat beteken dit? En hy antwoord my: Dit is die horings wat Juda, Israel en Jerusalem verstrooi het.

20 Daarop toon die HERE my vier smede.

21 Toe sê ek: Wat kom hulle maak? En Hy antwoord en sê: Dit is die horings wat Juda só verstrooi het dat niemand sy hoof opgehef het nie; maar hierdie manne het gekom om hulle skrik aan te jaag, om die horings van die nasies neer te werp wat die horing teen die land van Juda opgesteek het om dit te verstrooi.


© 2020 Precept South Africa

## SAGARÍA-OORSIGWERKBLAD

Boektema: ______________________________

Outeur:


Ontvangers:

Doel:

Sleutelwoorde:

| | Segment-verdelings | Hoofstuktemas |
|---|---|---|
| | | 1 |
| | | 2 |
| | | 3 |
| | | 4 |
| | | 5 |
| | | 6 |
| | | 7 |
| | | 8 |
| | | 9 |
| | | 10 |
| | | 11 |
| | | 12 |
| | | 13 |
| | | 14 |

© 2020 Precept South Africa




© 2020 Precept South Africa

## HOE OM 'N HOOFSTUKSTUDIE TE DOEN
### KOM ONS BEGIN!

*'n **Hoofstukstudie** help ons om te fokus op die detail in die hoofstuk om beter te verstaan wat die skrywer sê. Elke vaardigheid word gebruik om belangrike punte te beklemtoon.*

- LEES MET 'N DOEL

  Almal van ons het al 'n hoofstuk in die Bybel gelees, die Bybel toegemaak, en toe besef dat ons glad nie weet wat ons so pas gelees het nie . . . omdat ons doelloos gelees het.

  Om met 'n doel te lees ondersoek ons die teks met die 5 W- en H-vrae — *Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom* en *Hoe*. Byvoorbeeld, as ons Johannes hoofstuk 1 lees, vra ons vrae soos:

  Oor ***wie*** handel hierdie gedeelte?
  ***Wanneer***?
  ***Waar*** was die Woord?
  ***Wie*** is die Woord?
  ***Wat*** het die Woord gedoen?

  Elke hoofstuk of vers sal nie al die 5 W- en H-vrae oor 'n bepaalde onderwerp of persoon beantwoord nie, maar jy moet die teks deurgaans in jou gedagtes ondervra terwyl jy dit lees.

- MERK SLEUTELWOORDE EN -FRASES

  *Merk sleutelwoorde en -frases en stel lyste op wat help om die 5 W- en H-vrae te beantwoord.*

  SLEUTELWOORDE is belangrike en herhalende woorde in die teks wat ons in staat stel om die teks te verstaan. Merk sleutelwoorde en -frases in die hoofstuk op 'n onderskeidende manier, tesame met voornaamwoorde en sinonieme wat daarna verwys. Gebruik kleure en/of simbole.

  Byvoorbeeld: ***Woord*** is 'n woord wat herhaal word wat *onontbeerlik* is vir die verstaan van Johannes hoofstuk 1.

- LYSTE

  Die volgende stap is om lyste op te stel oor wat die hoofstuk omtrent elke sleutelwoord sê. Kyk op elke plek waar jy 'n sleutelwoord gemerk het en stel 'n lys op oor wat jy leer. Die gemerkte woorde is 'n eenvoudige visuele leidraad oor wat die teks sê.

  'n LYS is 'n samestelling van feite omtrent 'n bepaalde woord of persoon. Dit verskaf die antwoorde op die 5 W- en H-vrae (wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe) oor daardie woord of persoon. Gebruik die woorde in die teks.

  'n Lys oor ***Woord*** uit Johannes 1 kan as volg begin:

  *was in die begin, v. 1*
  *was met God, v. 1*
  *was God, v. 1*
  *was in die begin by God, v. 2*


© 2020 Precept South Africa

- MERK EN EVALUEER

KONTRASTE — dinge wat van mekaar verskil en in die konteks teenoorgesteldes is.
Om 'n kontras te merk plaas so 'n merkie in die kantlyn van die vers(e): ϟ.

Johannes 1:17: *"Want die **wet** is deur Moses gegee; (maar) die **genade** en die waarheid het deur Jesus Christus gekom."*

Let op na woorde wat as leidrade kan dien, soos *maar* en *nogtans.*

Johannes 4:2: *"Alhoewel Jesus self nie gedoop het nie, **maar** sy dissipels . . ."*

VERGELYKINGS — wys ooreenstemmende dinge in die teks. Om 'n vergelyking aan te dui plaas 'n simbool in die kantlyn regoor die vers(e), so: =. Let op na die woord *soos . . .*

Johannes 1:14: *". . . en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid **soos** van die Eniggeborene wat van die Vader kom . . ."*

TERME VAN GEVOLGTREKKING / RESULTAAT / REDE — dui gevolgtrekking, opsomming of resultaat só aan: ∴.

Let op na woorde soos *daarom, dus, gevolglik, want, omdat, om hierdie rede* ens.

Johannes 1:7: *"Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, **sodat** almal deur hom sou glo."*

UITDRUKKINGS VAN TYD — dui tyd, opeenvolging van gebeure of progressie aan. Plaas 'n sirkel in die kantlyn, ○. Let op na woorde soos *toe, daarna, wanneer, totdat, die dag van . . ., in die sterf jaar van . . .* ensovoorts.

Johannes 1:2: *"Hy was **in die begin** by God."*

- IDENTIFISEER ONDERWERPE OF TEMAS

Identifiseer hoofonderwerpe, gebeure of feite in die hoofstuk deur dit paragraaf vir paragraaf te evalueer. Die Waarnemingswerkblaaie wat voorsien word, is in paragrawe ingedeel (volgens die *New American Standard Bible* se indelings). Dit word aangedui deurdat die teksversnommers in vetgedrukte-syfers gedruk is. In ander vertalings word paragrawe soms deur 'n paragraaf-simbool of 'n inkeping aan die begin van die paragraaf aangedui.

Lees elke paragraaf en skryf in die kantlyn die gebeurtenis, onderwerp of hoofeit van die paragraaf.

Johannes 1:6-8: **6** *Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was.*
Johannes getuig van die Lig
7 *Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo.*
8 *Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.*

Om meer te leer oor hoe om 'n hoofstukstudie te doen, sowel as ander induktiewe studievaardighede, wil ons jou aanmoedig om 'n kopie van die boek *The New How To Study Your Bible* aan te skaf. Bestel die boek deur +27 (021) 531 1836 te skakel, vind dit op ons webwerf by shop.precept.org.za.

© 2020 Precept South Africa

## OOR PRECEPT

Precept is in 1970 gestig in Chattanooga, Tennessee. Ons missie is om mense te betrek by ‘n verhouding met God deurdat hulle sy Woord leer ken. Deur die vervulling van ons missie hoop ons om Christene van alle ouderdomme en alle plekke met die lewensveranderende waarheid van God se Woord te bereik. Ons bid dat, wanneer mense God se Woord bestudeer en leer ken, hulle Jesus Christus persoonlik sal leer ken en dat elke aksie — elke dag — geslyp sal word deur hul verhouding met Hom.

Precept publiseer Bybelstudiewerkboeke en lei Bybelstudieleiers op om studente soos jy te help om God se waarheid self te ontdek en om daardeur getransformeer te word.

Ons bid dat, wanneer mense God se Woord bestudeer en leer ken, hulle Jesus Christus persoonlik sal leer ken en dat elke daad — elke dag —deur hul verhouding met Hom gevorm sal word. Met meer as 250 unieke titels van wisselende formaat het Precept ‘n Bybelstudie wat net vir jou geskik is. Dit is tans beskikbaar in 80 tale en word in nagenoeg 185 lande gebruik.

## ANTWOORD OP DIE ROEPSTEM

Noudat jy die Woord bestudeer, en biddend daaroor nagedink het, is daar iets nuuts vir jou om te glo of te doen, of het dit jou beweeg om jou lewe te verander? Dit is een van die baie verstommende en bonatuurlike gevolge van 'n volgehoue studie van sy lewensveranderende Woord – dat God met ons praat.

By Precept South Africa glo ons dat ons God hoor spreek het oor ons aandeel in die Groot Opdrag. Hy het ons in sy Woord beveel om dissipels van mense te maak deur hulle te leer hoe om sy Woord te bestudeer.

As jy ons passie, om mense in God se Woord te vestig, met ons deel nooi ons jou om by ons aan te sluit! Sal jy dit biddend oorweeg om 'n maandelikse bydrae tot die bediening te maak? Om dit te doen, kan jy die bedrag waarop jy besluit het, elektronies oorbetaal aan precept.org.za/get-involved/support-us, of die bedrag direk oordra na ons bankrekening. Stuur 'n e-pos na support@precept.org.za vir meer inligting.

PRECEPT MINISTRIES
Standard Bank, Rondebosch tak
Rekeningnommer: 078 203 716
Verwysing: ATC én jou naam.

Bid asseblief met die oog op hoe die Here jou sal lei om dié roepstem te hoor.

## KOOP MET 'N PLAN

Wanneer jy boeke, studies en oudiomateriaal nodig het, koop dit asseblief by Precept by shop.precept.org.za. Ons besef dat jy sommige van genoemde artikels goedkoper by gewone kleinhandelaars kan kry, maar wanneer jy deur ons koop, word die opbrengs gebruik vir ondersteuning van ons werk, soos om:

- meer studies in ander tale te vertaal,
- ons werk in Suid-Afrika en dwarsdeur Afrika te ondersteun,
- leraars en Bybelstudieleiers in Suid-Afrika en die res van Afrika op te lei,
- mense van alle ouderdomme toe te rus met lewensveranderende Bybelstudievaardighede.

Wanneer jy deur Precept koop, help jy om ander mense in God se Woord te vestig!


© 2020 Precept South Africa